Die Vlaamse tydskrif *De Toerist* het 'n besondere uitgawe (Okt. 1964) aan ons land en volk gewy, waarin bydraes voorkom van die hand van *Goewerneur L. Roppe, A. Demedts, Rob Antonissen, P. van Molle* en *R. Onckelincks.* A. Demedts gee sy reisindrukke weer, C. Mertens beantwoord die vraag *Is Zuid-Afrika 'apart'?, prof. dr. R. K. J. E. Antonissen* deel mee wat die Afrikaanse letterkunde aan die Vlaming te gee het. Die totaalindruk is 'n geslagde uitgawe wat ongetwyfeld sy doel nie sal mis nie.

In *Circuit,* nr. 5 (1964) beskryf *Adriaan Dane* die Opelugmuseum naby Arnhem in *Mirror of the Past* (bl. 7 e.v.), in *Circuit* nr. 6 (1964) kom H. George Franks se bydrae *Holland's Peace Palace* (bl. 20) oor die geskiedenis en betekenis van die Vredespaleis voor. In *Deutschland Revue* (nr. 1, 1964) beskryf *dr. Elisabeth S. von Witzleben* die Blutenburgkasteel, naby Muenchen, met sy kunsskatte, terwyl die inhoud van *'s Gravenhage* (jg. 19, nr. 8. Aug. 1964) aan die geskiedenis van die gebouekompleks rondom die Haagse Binnenhof gewy is.

*Prof. dr. P. Geyl* behandel in sy publikasie *Van Bilderdijk tot Huizinga. Historische toetsingen* (Aulareeks nr. 129, Utrecht) o.m. *Busken Huet* as geskiedskrywer en *Huizinga als aanklager van zijn tijd.* Aan die slot van sy betoog verklaar die skrywer: *Ik heb niet geschroomd mij ongezouten over hemzelf en de feilen van zijn historische visie te uiten. Ik heb hem daarmee in zekere zin mijn hulde bewezen. Hij laat mij niet onverschillig. Ik blijf overtuigd van wat ik in* 1938 *over zijn 'Wetenschap der geschiedenis 'schreef: Wij hebben maar éen Huizinga.*

Dr. J. Ploeger.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

*Aalders, G. J. D., Nauta, D., Roelink, J., Smitskamp, H. en Wieringa, W. J.*: Kritisch Kwintet. Historische Opstellen, pp. 124, f. 10, Free University Press, Amsterdam, 1964.

*Barckhausen, J.*: Oom Paul (oorspronklike Duitse uitgawe: Ohm Krüger). Uit Duits vertaal deur Manie Ackermann, pp. 255, R2-00. Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1964.

*Davidson, B.*: The African Past. Chronicles from Antiquity to Modern Times, pp. 392, R3-20; Longmans, 1964.

*De Klerk, W. A.* Die Laer (Roman), pp. 348, R2-50; Nasionale Boekhandel, 1964.

*Goldwater, B.*: Gewete van 'n Konserwatief, pp. 145, R1-10; Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1964.

*Mowat, C. L.* Lloyd George (Clarendon Biographies), pp. 64, 85c. Oxford. 1964.

*Pole, J. R.*: Abraham Lincoln (Clarendon Biographies), pp. 64, 85c.; Oxford, 1964.

*Woolrych, A. H.* Oliver Cromwell (Clarendon Biographies), 85c. Oxford, 1964.